# ISRAEL 2018

## MURE, MONUMENTE

## EN NOG ‘N PAAR LOS ENTE


אורחים חברון
הכי אחי

# MAGPELA = CAVE OF THE DOUBLE TOMBS

AVRAHAM EN SARAH
YIETSGAK EN RIVKAH
YAAKOV EN LEAH

**GEN 12:2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.**
**GEN 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.**

**GEN 22:18 En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.**

**GAL 3:8 En die Skrif wat vooruit gesien het dat Elohiem die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Avraham die goeie nuus verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word.**



**GEN 48:5 Nou dan, jou twee seuns wat vir jou in Mietsrayiem gebore is voordat ek in Mietsrayiem na jou gekom het, is myne. Efrayiem en Menasheh sal myne wees net soos Ruven en Shiemón. GEN 48:6 Maar jou nakomelinge wat jy na hulle verwek het, sal joune wees. Hulle sal na die naam van hulle broers genoem word in daardie een se erfdeel. GEN 48:7 En toe ek van Paddan gekom het, het Ragel by my gesterf in die land Kenaán, op die reis toe daar nog 'n kort ent pad was om by Efrat te kom; en ek het haar daar begrawe langs die pad na Efrat, dit is Betlegem.**

**RUT 4:11 Toe sê al die mense wat in die poort was, en die oudstes: Ons is getuies; mag Yahweh die vrou wat in jou huis inkom, maak soos Ragel en soos Leáh wat saam die huis van Yiesraél gebou het; en verwerf mag in Efrata en maak 'n naam in Betlegem!**

**JER 31:15 So sê Yahweh: 'n Stem word gehoor in Ramah, geklaag, bitter geween; Ragel ween oor haar kinders; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. JER 31:16 So sê Yahweh: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane; want daar is loon vir jou arbeid, sê Yahweh; en hulle sal uit die land van die vyand terugkom. JER 31:17 Ja, daar is verwagting vir jou nakomelinge, sê Yahweh; en die kinders sal terugkom na hulle grondgebied.**


קבר ישי ורות
"ועובד הוליד את ישי..."

**JES 11:10 En in daardie dag sal die nasies vra na die wortel van Yieshai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal voortreflik wees. JES 11:11 En in daardie dag sal Yahweh weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Ashur en Mietsrayiem en Patros en Kush en Elam en Shienár en Gamat en uit die kuslande van die see.**

**RUT 1:16 Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u Elohiem is my Elohiem.**

**RUT 4:13-17 So het Boáz Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en Yahweh het vir haar swangerskap gegee, en sy het 'n seun verwek ... En hulle het hom genoem Oved; hy was die vader van Yieshai, die vader van Dawied.**



**JES 56:5-6 Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n herinneringsteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie ... (aan) die uitlanders wat hulle by Yahweh aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van Yahweh lief te hê deur sy knegte te wees - elkeen wat die Shabbat hou ... en hulle wat vashou aan my verbond.**

**RUT 1:16 Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u Elohiem is my Elohiem.**

**RUT 4:13-17 So het Boáz Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en Yahweh het vir haar swangerskap gegee, en sy het 'n seun verwek ... En hulle het hom genoem Oved; hy was die vader van Yieshai, die vader van Dawied.**



**ESEG 37:11-21 Toe sê Hy vir my: Seun van Adam, hierdie bene is die hele huis van Yiesraél. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons! ... So sê die Meester Yahweh: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Yiesraél. En julle sal weet dat Ek Yahweh is ... En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, Yahweh, dit gespreek en gedoen het, sê Yahweh. Verder het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê: Neem vir jou 'n stuk hout, en skryf daarop: Vir Yehudah en vir die kinders van Yiesraél, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skryf daarop: Vir Yosef (die hout van Efrayiem) en die hele huis van Yiesraél, sy bondgenote. Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand ... Kyk, Ek sal die stuk hout van Yosef neem, wat in die hand van Efrayiem is, en die stamme van Yiesraél, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Yehudah, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand ... Kyk, Ek gaan die kinders van Yiesraél haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.**




**The southern country**
**=**
**הארץ הדרומית**

**JES 56:7 hulle sal Ek bring na my afgesonderde berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal aanvaarbaar wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.**